14. Diakonale Sake

14.1 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE (Artt.13, 157)

A. Ds. P.W.A. Mulder stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie vir Diakonale Sake.
C. Ds. M.P. Fourie stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag
Acta 1997:150, 4 en ook 152, 1.

1.1 Die beheer oor die diakonale inrigtings berus by die plaaslike kerk waaronder die inrigting ressorteer.

1.2 Die kerkverband het ook belang by die diakonale inrigtings. Daarom benoem die Sinode Deputate vir diakonale sake om:

1.2.1 korrelerend en koördinerend op te tree en met die kerkverband te skakel

1.2.2 geldelike hulp te bied

1.2.3 trustees te wees vir alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry word, en in regte vir daardie belange op te tree
Motivering: Die Nasionale Sinode 1985 het besluit dat die Deputate as maatskappy geregistreer word en die Deputate tree dus as Regspersoon op (Acta 1985:471, 3.3.4.5)

1.2.4 die administrasie en organisasie behoorlik deur 'n "Skakeldeputaat" te reël

1.2.5 die ingesamelde gelde vir die barmhartigheidsinrigtings onder sy opdrag te administreer

1.2.6 'n skakel te wees met die regering en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens Kerkorde, artikel 26 (Handelinge 1979:578, 3)

1.2.7 Om pro-aktief op te tree sodat hierdie diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke tot die beste voordeel van die GKSA kan funksioneer.

1.3 Hulpverlening aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge KO, artikels 12, 79 of 80 die bediening verlaat het voor 1994 (Acta 1994:238-241).

Die Sinode dra aan die Deputate vir Diakonale Sake op:

1. Om die bestuur, beheer en belegging van die beskikbare fondse te behartig
2. Om in ooreenstemming met die Ordereëlings en in oorleg met die Deputate vir Emeritaatsversorging te oordeel oor die aansoeke van diakonieë om hulpverlening
3. Om by die volgende Sinode aanbevelings te maak vir 'n riglyn vir die volgende drie jaar
4. Om addisionele vrywillige hulp by die diakonieë aan te vra indien omstandighede dit vereis
5. Om die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend te stel en 'n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en diakonieë te skep
6. Om alle sake waaraan die Sinode nie eksplisiet aandag gegee het nie maar wat mag voortvloei uit die besluite van hierdie Sinode insake die Ondersteuningsfonds, af te handel in ooreenstemming met die Ordereëlings en om daaroor terug te rapporteer by die eersvolgende Sinode

1.4 Die Nasionale Sinode besluit om die Deputate vir Diakonale Sake opdrag te gee om te besin oor die voortbestaan van die drie kinderhuise en alle regsaspekte en samehangende omstandighede te ondersoek. Indien dit na ondersoek blyk dat dit noodsaaklik is om een of meer kinderhuise te sluit, kry die Deputate volmag om die eiendom/me te vervreem en die opbrengs te belê en met die opbrengs die restante kinderhuis(e) te subsideer. Die Deputate se opdrag sluit ook in die ondersoek van alternatiewe.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering

2.1 *Vir kennisname*

2.1.1 Vergaderings: Die Deputate vergader minstens twee keer per jaar (Augustus /September en Maart). Dagbestuursvergaderings word gereeld gehou soos nodig. Plaaslike besture, wat jaarliks deur die plaaslike kerkrade benoem word, vergader maandeliks.

2.1.2 Skakeling met inrigtings: Die Skakeldeputaat is gedurig in telefoniese verbinding met al ses inrigtings en besoek elke inrigting minstens een keer per jaar. Die onderskeie Besture van die tehuise lewer een keer per jaar 'n skriftelike verslag oor die voorafgaande jaar se werksaamhede.

2.1.3 Personeel:

2.1.3.1 Johannesburg: Daar is die afgelope tyd 'n groot omset in personeel. Op die oomblik word alle personeelaangeleenthede gehanteer in die lig van die moontlike omskakeling na 'n satelliethuisstelsel. Die nuwe hoof, asook die waarnemende hoof, het gedurende 1999 diens verlaat.

2.1.3.2 Pretoria: Br. en sr. Chris Mussmann het gedurende 1998 afgetree. Die huidige huisouers, br. en sr. Kobus Vorster word bygestaan deur 'n maatskaplike werker en 10 assistente. Skoonmaakdienste word deur 'n buite-instansie gedoen.

2.1.3.3 Reddersburg: Die huisouers, br. en sr. I. van H. Fourie, word bygestaan deur 'n maatskaplike werker, 12 assistente en 19 algemene assistente werkers.

2.1.3.4 Burgersdorp: Sr. Liezl Greyling bestuur die tehuis. Die personeel bestaan verder uit 3 verpleegkundiges, 5 verpleegassistente, 7 verpleeghulpe, 4 assistente en 15 algemene assistente.

2.1.3.5 Nylstroom: Sr. A. Wolhuter is personeelhoof en ook verpleegkundige in beheer. Verder bestaan die personeel uit 4 verpleegkundiges, 8 verpleegassistente, 8 verpleeghulpe, 4 assistente en 21 algemene assistente.

2.1.3.6 Florida: Sr. C.J. van der Merwe is personeelhoof en ook verpleegkundige in beheer. Die personeel bestaan verder uit 4 verpleegkundiges, 9 verpleegassistente, 3 verpleeghulpe, 4 assistente en 15 algemene assistente.

2.1.3.7 Administrasie: Ds. P.W.A. Mulder werk as Skakeldeputaat op 'n deeltydse basis. Hy word bygestaan deur twee halfdagassistente.

2.1.4 Korrelering en koördinering

2.1.4.1 Algemeen

Die Deputate tree korrelerend en koördinerend by die

- insameling en hantering van fondse
- bepaling van beleid oor personeel en studente
- beoogde bouprojekte

2.1.4.2 Kerkverband

Die Skakeldeputaat woon die konferensie van Transvaalse diakens by. Hy spreek ook gemeentes, kerkrade en diakonieë, op hulle versoek, toe.

2.1.5 Skakeling met owerhede

2.1.5.1 Die Deputate skakel wanneer nodig met Plaaslike Besture, die Departement Gesondheid, die Departement Behuising en die Departement Welsyn. Daar is ook skakeling met die Streekswelsynsrade.

2.1.5.2 Vergaderings van die Bejaardesorgkomitees word deur die Skakeldeputaat bygewoon.

2.1.5.3 Daar was die afgelope drie jaar 'n groot klemverskuiwing in die beleid van die Departement Welsyn en Bevolkingsontwikkeling. Indien nodig sal die Deputate hieroor aanvullend rapporteer aangesien die proses nog nie afgehandel is nie.

2.1.6 Finansies

2.1.6.1 Volledige syfers sal na ouditering van die boeke as 'n Aanvullende Rapport ingedien word. Dit sluit nie 'n "begroting" vir die volgende drie jaar in nie (vgl. die suggestie Acta 1985:31, 3). Om 'n realistiese Begroting vir Diakonale Sake in te dien vir drie jaar vooruit is uiters moeilik omdat daar so baie veranderlikes betrokke is, bv. hoe groot subsidies sal wees, hoe pensioene aangepas word (want daarvolgens word losies op 'n formule bereken), die mate van verswakking by

bejaardes (wat die toekenning van verpleegpersoneel bepaal), salarisaanpassings, voedselpryse, ens.

2.1.6.2 Ons is die owerheid innig dankbaar vir die subsidies aan ons tehuise - daarsonder sou ons nie ons kinders en bejaardes kon versorg nie. Tog is subsidies die kwesplek in die bestuur van die tehuise omdat dit 'n groot deel is van die tehuise se begrotings en elke keer as subsidies besnoei/aangepas word, het dit ingrypende gevolge vir die tehuise.

2.1.6.3 Die aantal verswakte bejaardes in ons tehuise het baie toegeneem. Dit het meegebring dat die verpleegpersoneel die afgelope drie jaar heelwat meer moes word - met die gepaardgaande finansiële implikasies.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.7 Inrigtings

Aan die Sinode 1997 het u Deputate gerapporteer dat dit finansieel al moeiliker word om die drie kinderhuise te bedryf. Die Sinode het toe die volgende opdrag gegee:

"1.4 Die Nasionale Sinode besluit om die Deputate vir Diakonale Sake opdrag te gee om te besin oor die voortbestaan van die drie kinderhuise en alle regsaspekte en samehangende omstandighede te ondersoek. Indien dit na ondersoek blyk dat dit noodsaaklik is om een of meer kinderhuise te sluit, kry die Deputate volmag om die eiendom/me te vervreem en die opbrengs te belê en met die opbrengs die restante kinderhuis(e) te subsideer. Die Deputate se opdrag sluit ook in die ondersoek van alternatiewe".

Gedurende 1997 het u Deputate gesprek gevoer met 'n verteenwoordiger van die Hervormde Kerk oor hulle pleeghuisstelsel en geoordeel dat, ten spyte van die meriete daarvan, dit finansieel groter druk op ons kerke sal plaas. Daarom is dit nie verder gevoer nie.

U Deputate het ook gekyk na die moontlikheid om die eiendomme te verkoop.

Besluit: 'n Skrywe ter verduideliking is aan die kerke gerig met die volgende toeligting: In die lig van die sluiting van die PKK Johannesburg verleen die Sinode aan die Deputate die mandaat om voort te gaan met die ontwikkeling van die eiendom alternatiewelik die vervreemding daarvan. In die geval van ontwikkeling moet voorkeur gegee word aan 'n ontwikkelingsvennootskap sonder dat die eiendom op enige wyse beswaar word. Ontwikkeling moet geskied met die oog daarop om die beste rendement te genereer as aanvulling van staatsubsidies en vir uitsluitlike aanwending daarvan vir tehuise in kerkverband. Vervreemding van die eiendom mag slegs geskied in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

3. Die volgende uittreksel uit 'n ondersoek word aan die Sinode voorgelê

3.1 Faktore wat in ag geneem moet word by die vervreemding van eiendom.

Voordat daar besluit kan word oor die toekoms van die kinderhuise, is daar 'n hele paar faktore waarna daar in diepte gekyk moet word. Die belangrikste faktore is kortliks die volgende:

3.1.1 Regsaspekte. Die bestaan van enige voorwaardes in die transportaktes van die eiendom wat by vervreemding daarvan 'n belemmering kan wees.

U Deputate het (in oorleg met die Regsdeputate van die Sinode) gekyk na die titelaktes van die eiendomme. Hieruit blyk dit dat PKK Pretoria die beperking het dat dit slegs as kinderhuis gebruik mag word en as dit nie meer as kinderhuis gebruik word nie, moet dit terugval na die Staat. Om aan die Servitute te verander is onder meer goedkeuring nodig van die minister van "Lande".

Met uitsondering van PKK Pretoria is al die tehuise kontraktueel verbind kragtens 'n "Verdiskonteringsooreenkoms". Dit hou onder meer in dat indien die eiendom vervreem sou word, die Staat eerste keuse sou hê.

3.1.2 Omgewing en ligging van die eiendom. Is die eiendom in 'n gebied geleë waar daar 'n moontlikheid van uitbreiding is? Aanvraag en aanbod vir ontwikkelingsdoeleindes.

3.1.3 Verbeterings op die vaste eiendom. Voldoen die geboue op die eiendom aan die standaarde wat volgens die Wet vanaf die Departement Welsyn vereis word? Indien nie, wat sal die geraamde koste wees om dit tot die vereiste standaard op te gradeer?

3.1.4 Die impak wat die sluiting van die kinderhuis op die kinders, personeel en die gemeenskap sal hê. Die sluiting van enige onderneming gaan gepaard met 'n trauma vir wie daarby betrokke is, asook die wat van die onderneming afhanklik is. In die geval van die sluiting van 'n kinderhuis sal daar 'n groter traumatiese ervaring wees, wat met groot omsigtigheid gehanteer sal moet word.

3.1.5 Die vervreemding van eiendom moet van so 'n aard wees dat uit die rendement van die opbrengste 'n plaasvervanger vir die staatsubsidie verkry kan word.

Besluit: Kennis geneem.

4. Opsomming van die voorlopige ondersoeke:

4.1 *Reddersburg*: Indien die faktore van paragraaf 3.1 op Reddersburg toegepas word, speel die omgewing en ligging waar die kinderhuis geleë is, seker die belangrikste rol. Om die kinderhuis te probeer verkoop om sodoende fondse te genereer om Johannesburg en Pretoria uit die opbrengste van die belegging te finansier, is byna nul. Die sluiting en vervreemding van hierdie kinderhuis sal in die toekoms afhang van bekostigbaarheid. Kortom: Sal daar met die inkorting van die staatsubsidie genoeg fondse geïn kan word om die bedryfskoste te dek?

4.2 *Pretoria*: Die kinderhuis is op 'n erf van ongeveer 1 Ha groot opgerig. Een van die voorwaardes in die transportakte is dat hierdie eiendom na die Staat terugval as dit nie meer as 'n kinderhuis gebruik word nie. Hierdie voorwaarde kan nie sonder meer geskrap word nie. Vervreemding van die eiendom is vir die huidige weens die bepaling in die kontrak onmoontlik.

4.3 *Johannesburg*: PKK Johannesburg se fasiliteite voldoen nie aan die vereistes nie, ook vanweë die verval van die gebou. Herstel en opgradering gaan baie kos.

Die eiendom te Johannesburg bestaan uit twee persele (elk ongeveer 4,1 Ha groot). Die een perseel is onbeboud terwyl die kinderhuis, kerk en die kantore van die Deputate op die ander perseel geleë is. Die munisipale waardasies is R1,2 miljoen en R1,1 miljoen + R750 000 respektiewelik. Die oop perseel behoort uit en uit aan die GKSA terwyl daar vir die beboude perseel 'n voorwaarde in die transportakte is wat bepaal, dat as die kinderhuis gesluit gaan word, die staat die eerste opsie het om die grond en verbeterings te koop. 'n Geswore waardeerder is van mening dat indien daar met ontwikkelaars onderhandel word, die twee persele vir 'n minimum van R8 miljoen verkoop kan word.

Toegang tot die persele vanaf die snelweg is 'n ander faktor wat uit 'n verkoopsoogpunt gesien, 'n aantrekkingskrag vir ontwikkelaars mag hê. Wat betref die voorwaarde in die transportakte van die beboude perseel is die advokate van oordeel dat as daar 'n aanbod van 'n ontwikkelaar op die tafel is en die Staat wil sy opsie uitoefen, hy nie minder as die markwaarde van die grond moet betaal nie. 'n Ander faktor wat hier ook in aanmerking geneem moet word is die geboue en verbeteringe van die kinderhuis. Volgens die inspeksieverslae van die Departement Welsyn is die akkommodasie nie op standaard nie.

Die geswore waardeerder het dit benadruk dat dit nie wenslik sal wees om die beboude perseel te verdeel om die geboue te probeer behou nie. Afgesien van die probleme wat daar met onderverdeling van grond ondervind word, kan dit in hierdie geval meer problematies wees omdat die Staat indirek ook 'n belang in die eiendom het.

Besluit: Kennis geneem.

5. Gevolgtrekking: Met die ter saaklike feite van die ondersoek tot beskikking van u Deputate, het u Deputate dit oorweeg om voort te gaan met die vervreemding van die eiendom in Johannesburg. Dit sou inhou dat die kinderhuis geleidelik uitgefaseer moet word en dat die Dagbestuur saam met die Deputate van PKK Johannesburg gemagtig word om namens die Deputate die vervreemdingsaksie te loods en metodes vir hierdie uitfasering van die kinderhuis te ondersoek.

Teen hierdie agtergrond is met Ontwikkelaars geskakel. Op 27 Februarie 1998 het daar samesprekings tussen die firmas KF Jankowitz en Property Management Development en brr. Ben Kruger en Cas Kruger namens die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake plaasgevind.

Die samesprekings kan soos volg kortliks opgesom word:

1. Om die grond uit die hand te verkoop, sal nie vir die Gereformeerde Kerke tot voordeel strek nie. Selfs privaat eiendomsontwikkelaars sal nie belangstel in die eiendom voordat daar nie 'n intensiewe vatbaarheids- en demografiese studie gedoen is nie.
2. Indien die Gereformeerde Kerk die eiendom self wil ontwikkel, sal die studies self onderneem en gefinansier moet word en die koste daaraan verbonde word op ongeveer R 750 000 geraam.
3. Die firma PMD is nou (1998) besig met 'n groot ontwikkeling vir RAU waar RAU die eienaar van die grond is maar die ontwikkeling word deur die Groep 5 finansieringsmaatskappye gedoen en die universiteit is verseker op 'n rendement op die grond vir die volgende 20 tot 30 jaar omdat hulle die eienaar van die grond bly.

Die **voordeel**, indien die Kerk sou besluit om in so 'n ontwikkelingsvennootskap te gaan, is die volgende:

3.1 Die uitvoerbaarheidstudie word deur Groep 5 kosteloos gehanteer en indien dit uit die studies sou blyk dat dit nie wenslik sou wees om op die terrein met ontwikkeling voort te gaan nie, is die Gereformeerde Kerke nie verantwoordelik vir die ondersoekkostes nie.

3.2 Indien daar voortgegaan word met die ontwikkeling en hierdie ontwikkeling sou in daardie stadium verkeerd loop, kan die Gereformeerde Kerke nie verloor nie, want hy bly die eienaar van die grond. Ontwikkelingskostes is dan ook vir die rekening van Groep 5 en daar is geen finansiële verpligting vir die Gereformeerde Kerke nie.

3.3 Die tydskaal vir die aanvang vir die ontwikkelingsfase van so 'n projek as die uitvoerbaarheidstudie se resultaat positief is, beloop ongeveer 2,5 tot 3 jaar. Dit sal in hierdie geval genoegsame tyd vir die Deputate laat om die Kinderhuis uit te faseer as dit so moet geskied.

Die **nadeel** van so 'n projek is natuurlik dat die Gereformeerde Kerke as die eienaar van die grond altyd kundige verteenwoordiging in die ontwikkelingskombinasie sal moet hê om sy belange te beskerm.

Gesien in die lig van 'n heeltemal ander benadering tot die moontlike aanwending en ontwikkeling van die grond met 'n hoër opbrengs uit so 'n belegging van die grond, was dit die Dagbestuur se siening dat dit goed sal wees as die betrokke firmas 'n volledige aanbieding tydens 'n vergadering van die Sinodale Deputate Diakonale Sake voorlê.

So 'n voorlegging is gedoen.

Opsommend: Die firma doen op eie koste 'n intensiewe vatbaarheids- en demografiese studie. Blyk dit dat die projek lewensvatbaar is, werk hulle met 'n multi-professionele span aan die ontwikkeling. Dit sluit onder andere 'n mediaspan in wat die publisiteit en skakeling met die publiek hanteer om weerstande sover moontlik te vermy. Die werkswyse behels verder dat die grond die eiendom van die oorspronklike eienaar (SDDS) bly; dat die firma die ontwikkeling doen; verhuring en kontrakte hanteer, dat die SDDS 'n deurlopende (ooreengekome) persentasie van die verhuring ontvang en na 'n ooreengekome (kontrak)termyn die geboue ontvang.

Na bespreking het u Deputate belanggestel om so 'n kontrak te sluit en verder daaroor met die betrokke firma te skakel. Die Dagbestuur van die SDDS het die Bestuur van PKK Johannesburg ontmoet om hierdie inligting met hulle te bespreek.

Die Bestuur van PKK Johannesburg het egter geoordeel dat alternatiewe verder ondersoek moet word voordat oorgegaan sou word na vervreemding.

Hier volg twee Rapporte oor 'n alternatief (Satelliethuisstelsel) wat voor die Bestuur van PKK Johannesburg gedien het:

Begin van Eerste Rapport met eie nommering

"3. Motivering vir verandering:

Enkele batepunte waarop daar gelet moet word:

3.1 Satelliethuise (8-10) kinders bring ons baie nader aan 'n gesinseenheid met 'n ouerpaar en kinders uit een of twee gesinne, dus broers en susters word saam versorg.
3.2 Satelliethuise gee aan huisouers 'n groter bemagtigingsrol. Hulle is meer oorkoepelend in beheer en ook verantwoordelik.
3.3 Satelliethuise wat in gemeentegrense en in 'n normale gemeenskap geleë is, bied baie meer moontlikhede vir spontane betrokkenheid by die belange van die kinders.
3.4 Satelliethuise verminder die moontlikheid dat ons kinders geëtiketteer kan word

4. Huisstelsels

4.1 Die oorskakeling na satelliethuise sal waarskynlik 'n proses wees waarin die versorging in die huidige gebou uitgefaseer word terwyl die satelliethuise ingefaseer word. Indien nodig sal die oorskakeling op hierdie manier gedoen word.
4.2 Die **ideaal is egter om die oorskakeling in een proses af te handel** sodat die versorging in die huidige gebou op 'n bepaalde tydstip termineer en gelyktydig die verskillende huise betrek word.
4.3 4.2 hou in dat soveel as moontlik kinders **gemotiveer** uitgeplaas word einde 1998.
4.4 Aanvanklik sal waarskynlik met ongeveer drie huise begin word. Tog stel ons die ideaal dat die aanvanklike registrasie (92 kinders) weer herstel sal word en kinders in ongeveer 10 huise versorg sal word.
4.5 Ligging van huise om mee te begin:
Sentraal en Suid Gauteng (Pretoria uitgesluit)
4.6 Aspekte oor Satelliethuise
4.6.1 Fisiese omgewing:
4.6.1.1 Grootte van Huis: (Ongeveer 10 Kinders)

* Leefruimte vir personeel (moontlik 2 kinders): 2 slaapkamers + woonkamer; kombuisie; badkamer; (Afdak of motorhuis)
* Leefruimte vir ongeveer 8-10 kinders: 3-4 slaapkamers (kleiner kinders 3-4 in een kamer); (ouer (senior) kinders: 2 per kamer); woonkamer (groterig); kombuis; 2 badkamers (een vir seuns en een vir dogters); indien moontlik aparte vertrek vir studie/speelkamer
* Groot genoeg erf vir buite speel en kreatiwiteit
* Sekuriteit en veiligheid
* Aflospersoon moet ook gehuisves word (Kan ook werkkamer vir huismoeder wees)

4.6.1.2 Bereikbaarheid van huis:

* Skole
* Kerke
* Mediese fasiliteite
* Sport, kreatiwiteitsontwikkleing
* Vervoer
* Besighede

4.6.2 Meublement

* Personeel: Dit is beter as die Kinderhuis dit basies meubileer, want anders is daar met wisseling van persone elke keer ontwrigting.
* Kinders:
  - Slaapvertrekke - stapel en enkelbeddens
    - Klein lessenaars vir kinders vanaf gr 3-12
    - Klerekaste
    - Matte op vloere
    - Goeie beligting
    - Aansteekborde vir prente, ens. teen mure
    - Spieëls
* Woonvertrek:
    - Genoeg banke en stoele vir ongeveer 14 persone

- Tafel/s (vir speletjies en verversings)
- TV en Radio
- Matte

* Studiesaal/speelkamer
  - Groot/klein tafels
  - Stoele
  - Rakke vir speelgoed en boeke
  - Groot kussings om op te sit
* Kombuis
  - Goeie stoof; vrieskas
  - Yskas, kaste ens., breekgoed vir kinders
* Werk-, Afloskamer
  - Bed, hangkas, rakke en tafel

4.6.3 Ander noodsaaklikhede:
- Vervoer - 1 Kombi vir ongeveer 10-12 perone
- Skoolklere
- Fondse vir buitemuurse aktiwiteite
- Moonlik 'n ruimte vir skenkings, ens.
- Gordyne, lakens, duvets, kussings, slope

5. Verantwoordelikheid van versorging (ondersteuningstelsel)

5.1 'n Bestuur sal die oorhoofse verantwoordelikheid dra - soos tans ook die geval is
5.2 Die presiese samestelling van die Bestuur sal mettertyd in meer besonderhede uitgewerk word.
5.3 Die eerste lyn van ondersteuning sal steeds uit die kerke kom.
Verdere ondersteuning sal kom uit die gemeenskap en belangstellendes.

6. Administrasiestelsel

Dit sal in meer besonderhede uitgewerk moet word.

7. Instandhouding van huise

Kleiner werk word deur elke huis gehanteer soos behoeftes ontstaan. Groter instandhouding word gesentraliseer en deur die kampusbestuurder gekoördineer.

8. Menslike hulpbronne

Die pos van Hoof verval en word vervang met 'n "Kampusbestuurder".

8.1 Huisouers
* 'n Egpaar - gekeur en opgelei. **Dit is baie belangrik**
  - Verkieslik tussen 35 en 50 jaar
  - Verkieslik met nie meer as twee kinders
  - Verkieslik binne kerkverband van susterskerke
  - Man moet verkieslik eie beroep beoefen
  - Tuin/wassery
* Een vroulike huishulp
* Tuinhulp een keer 'n week
- Maatskaplike werker
  * Sy/hy hanteer al die satelliete op 'n rotasie-basis en krisisingrype. Sy/hy benodig 'n kantoor
- Direkteur/kampusbestuurder. Oorhoofse beheer; finansies en administrasie - dit is die sentrale kantoor
- Sekretaresse vir direkteur sentrale kantoor.

8.2 Plasing van personeel sal gedoen word soos die behoeftes ontwikkel.
8.3 Vermindering van personeel: Daar bestaan 'n beleidstuk. Dit moet opgespoor word.

8.4 Behuising algemene assistente: Daar sal nie voorsiening gemaak word vir inwoning van algemene assistente nie. Hulle sal pendel.

9. Finansiële implikasies

Namate die proses van oorskakeling vorder sal meer besonderhede vir begrotingsdoeleindes aan die lig kom. 'n Arbitrêre berekening sal gedoen moet word oor koste.

10. Funksies van die Bestuur

Hoewel die samestelling van die Bestuur sal verander, sal die funksies dieselfde bly.

11. Funksie van SDDS

Die posisie van die SDDS bly onveranderd"

(Einde van Eerste Rapport)

Begin van Tweede Rapport

Op 28 Januarie 1999 dien die volgende Rapport:

"4. SATELLIETHUISE:

4.1 Beskikbaarheid van huise: Die tipe huis waarna ons kyk verhuur in die omgewing van R3 500 p.m. en indien ons sou koop kan gereken word op n paaiement van ongeveer R6 000 per maand. In die ekonomiese klimaat waarin ons tans leef, kan verwag word dat die Banke heelwat huise sal terugneem. Aan die Banke moet geskryf word om ons behoefte te stel. 'n Paar dinge kan dan van die Banke gevra word: betrokkenheid deur borgskap, 'n lae rente-lening, 'n skenking of betrokkenheid soos die Bank sou goed dink.

4.2 Meublement- en voertuigkosteberekening: Die inligting (Ongepubliseer) word ter tafel geneem en bespreek. Dit gee 'n goeie idee van die kostes verbonde aan so 'n projek. Hiervan word kennis geneem. Indien die projek realiseer, sal meer breedvoerig en indringend na hierdie gegewens gekyk moet word.

4.3 Personeel: (Werwing, Keuring, Opleiding) asook die belangstelling in gemeentes werk, moet dadelik 'n aanvang neem indien die Bestuur besluit om wel hierdie projek aan te pak.

13.3.1 Die 6 Klassisse in die gebied van ons "gentlemen's agreement" moet dan genader word om te help huise soek

13.3.2 Vanweë hulle besondere belangstelling en entoesiasme is dit wenslik dat op persoonlike vlak geskakel sal word met onder meer die volgende gemeentes: Randburg, Boksburg, Germiston, Primrose, Roodepoort.

13.3.3 Brosjures vir bekendstelling moet aan al 72 gemeentes gestuur word.

13.3.4 Fondsinsamelingsinisiatiewe: Daar is reeds 'n paar strukture wat funksioneer. Strategie na besighede en banke sal uitgebrei kan word.

4.3.5 Administrasie:

Die slypsteen vir effektiewe en doeltreffende administrasie is eenvormige toepassing van beleid deur sentrale beplanning en beheer. Laasgenoemde impliseer 'n gesentraliseerde begroting en beheerstel.

Die volgende administratiewe funksies word voorsien:

* Administrasie van die bestuursliggaam
* Sentrale liasseringstelsel. 'n Klein stelsel sal by elke huis ingerig word vir inhuise doeleindes. 'n Enkele liasseringslaai behoort egter voldoende te wees.
* Sentrale korrespondensie
* Sentrale delegasie van bevoegdhede vir die onderskeie huise

* Sentrale finaniële bestuur. 'n Begroting saamgestel uit finansiële behoeftes van die onderskeie huise, gekoördineer deur 'n sentrale administrasie
* Sentrale beheer volgens voorgeskrewe kontrole stelsel
* Sentrale bankrekenings
* Alle boekhouding sal gesentraliseer word. Inligting oor spandering volgens begroting sal op 'n gereelde basis verskaf word aan die verskillende huise.
  Die verantwoordelikheid om 'n huis te bedryf binne die goedgekeurde begroting sal aan die huisouers gedelegeer word.

Koördineringsfunksie ten opsigte van satelliethuise
'n Sentrale koördineringsfunksie sal tot voordeel strek van al die satelliethuise. Onderlinge benutting van duur hulpbronne is een voorbeeld. Onderlinge bystandverlening, byvoorbeeld waar skenkings nie benut kan word deur 'n enkele satelliethuis nie, kan dit aan 'n ander huis aangebied word.

Slotsom
Dit moet aanvaar word dat die implementering van die stelsel sal vereis dat baie administratiewe aanpassings gemaak sal moet word om by die praktyk aan te pas. Die gevolg hiervan is dat 'n praktiese maar buigsame dinamiese administrasie vereis sal word."

Die Bestuur van PKK Johannesburg het hierdie verslae goedgekeur en vra van die SDDS goedkeuring om die PKK Johannesburg op die stelsel van satelliethuise te bedryf.

(Einde van Tweede Rapport)

BESLUIT VAN DIE SDDS

1. In die lig van die Sinodebesluit dat alternatiewe ondersoek moet word, gee die SDDS aan die Bestuur van PKK Johannesburg die geleentheid om hulle alternatief (satelliethuise) te ondersoek in al sy implikasies (ook finansieel) sodat die SDDS dit kan deurstuur na die Nasionale Sinode 2000.
2. Die SDDS stel die Departement Welsyn hiervan in kennis en dat die uitvoering van die besluit nie kan gebeur voordat ons toestemming van die Nasionale Sinode gekry het nie.
3. Die PKK Johannesburg word verseker dat die SDDS hulle ondersteun in hulle ondersoek na die satelliethuisstelsel
   dat dit na die kerke gekommunikeer kan word;
   en dat die implementering van die besluit op die Sinodebesluit moet wag.
4. Vir die huidige stap ons eers af van die ontwikkeling van die eiendom in Johannesburg in afwagting op die Sinodebesluit.

2.1.7.1 Johannesburg:
PKK Johannesburg: Satelliethuisstelsel
Die Bestuur van Johannesburg is opgedra om 'n deeglike motivering vir die satelliethuisstelsel gee. Alle moontlike ter sake inligting moet verskaf word om aan die Sinode voor te lê.

Sedert 1996 het die Departement Welsyn 'n moratorium geplaas op die opname van kinders. Gevolglik het die getalle gedaal van 92 na 42 in Junie 1999. Na die ontbinding van die Gereformeerde Kerk Klipriviersberg is die kinders in die sorg van die Gereformeerde Kerk Brackenhof plaas.

2.1.7.2 Pretoria: Die President Kruger Kinderhuis is in die gemeente Oos Moot en huisves 63 kinders.
2.1.7.3 Reddersburg: Die President Kruger Kinderhuis op Reddersburg huisves ook 63 kinders.
2.1.7.4 Burgersdorp: Dirk Postma Tehuis vir Bejaardes huisves 54 verswakte bejaardes.

2.1.7.5 Nylstroom: Die Waterberg Tehuis vir Bejaardes versorg 72 verswakte bejaardes. In die Johannes Postma Woonstelle woon 36 selfversorgende bejaardes.
2.1.7.6 Florida: Ons Huis Tehuis vir Bejaardes versorg 75 verswakte bejaardes en Ons Huis Woonstelle kan 38 selfversorgende bejaardes huisves.
2.1.7.7 Smaldeel (Reddersburg): Die plaas is behoorlik beplan en in kampe verdeel. Dit voorsien grootliks aan die vleisbehoeftes van die PKK Reddersburg.
2.1.8 Venterspos: Die eiendom op Venterspos is verkoop en getransporteer na die nuwe eienaars: Shepherd's Flock.

3. Ondersteuningsfonds (KO, artt. 12, 79, 80)
Briewe is aan kerke gestuur waarin die besluite van die Nasionale Sinode 1994 meegedeel is. Hoewel geen aansoeke ontvang is nie, is die bydraes wat ontvang is ontoereikend om die doel van die fonds te bereik. Intussen word voortgegaan met die uitbou van die fonds by wyse van vrywillige bydraes.

4. In Januarie 1999 is 'n Welsynswerkgewersvereniging gestig. U Deputate was verteenwoordig op die vergadering. U Deputate het te kenne gegee dat die SDDS graag hierby sal wil aansluit, maar dat ons eers die mening van ons Regsdeputate van die Sinode hieroor wil verkry asook 'n mandaat van die Sinode.

Die advies van die Regsdeputate is soos volg:

"UITTREKSEL UIT NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE DEPUTATE VIR REGSAANGELEENTHEDE GEHOU TE PRETORIA OP 26 FEBRUARIE 1999

4. Skrywe van Deputate Diakonale Sake
Die saak waaroor dit gaan, is dat die Deputate advies vra of dit reg is dat hulle namens GKSA kan inskakel by 'n werkgewersorganisasie wat deur ander kerke opgerig word ten einde deur kollektiewe bedinging arbeidsverhoudinge te beveilig, in die lig van nuwe arbeidswetgewing.
4.1 Die Regsdeputate sien kerkregtelik nie 'n probleem met sodanige inskakeling nie. Dit is egter nodig dat die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake aan die Sinode moet rapporteer en spesifieke magtiging vra vir sodanige inskakeling, ter wille van goeie orde.
4.2 Aangesien die arbeidswetgewing ingrypend verander het sedert opdrag aan die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake gegee is, is sodanige inskakeling waarskynlik implisiet gemagtig in die oorspronklike opdrag. Dit is egter nodig dat enige twyfel hieroor uit die weg geruim word en daarvoor is spesifieke uitbreiding van die magtiging aan die Deputate deur die Sinode wenslik.
Besluit: Goedkeuring word gegee dat die Deputate mag aansluit by die Welsynswerkgewersvereniging.

5. Vir goedkeuring
5.1 *Opdrag* (Acta 1994:142, 3)
5.1.1 Die deputate beheer alle diakonale inrigtings in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.
5.1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur 'n skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.
5.1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan optree. (Vgl. Acta 1985:471, 3.3.4.5)
5.1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.
5.1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens Kerkorde, artikel 26 (Handelinge 1979:578, 3).

5.1.6 Om hulp te verleen aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge Kerkorde, artikels 12, 79 of 80 die bediening verlaat het voor 1994 (Handelinge 1994:238-241) op die volgende wyse:
Behartig ten opsigte van die Ondersteuningsfonds die bestuur, beheer en belegging van beskikbare fondse, vra addisionele vrywillige hulpverlening indien omstandighede dit vereis, stel die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend en skep 'n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en diakonieë en gee aan die Sinode 'n riglyn vir bydraes tot die fonds vir die volgende drie jaar (huidig R7,00 per belydende lidmaat). Oordeel in ooreenstemming met die ordereëlings en in oorleg met die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust oor die aansoeke van diakonieë om hulpverlening.

5.1.7 Om in samewerking met alle kerke wat direk betrokke was by die voormalige President Kruger Kinderhuis in Johannesburg die voorgestelde diakonale betrokkenheid by kinder- en ouetehuise te koördineer.

Besluit: Goedgekeur.

E. AANVULLENDE RAPPORT

1. Statute

Na aanleiding van probleme wat uit die praktyk kom, kyk SDDS as art. 21 maatskappy indringend na sy statute. Dit is nog nie afgehandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sluiting President Kruger Kinderhuis Johannesburg

Die Bestuur van Johannesburg het 'n spesiale vergadering einde Augustus 1999 belê om die toekoms van die tehuis te bespreek. Op die vergadering is dit duidelik dat die Bestuur nie die nodige fondse kon genereer om die skuld te delg nie en besluit die Bestuur om die Sinodale Deputate Diakonale Sake op sy vergadering van 9 September 1999 te versoek om volgens konstitusie 'n ledevergadering van PKK Johannesburg op te roep vir die sluiting van die tehuis. Die SDDS het die versoek toegestaan en die vergadering is opgeroep vir 30 September 1999. Die lede van die PKK Johannesburg is: Die Sinodale Deputate Diakonale Sake; die Bestuur van PKK Johannesburg; die Diakonie van Gereformeerde Kerk Brackenhof en die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Brackenhof.

Op die ledevergadering van 30 September 1999 het die Kerkraad en die Diakonie van Brackenhof die versoek van die Bestuur ondersteun. Ook die SDDS het die versoek toegestaan. **Die ledevergadering besluit om PKK Johannesburg op 30 September 1999 te sluit.**

'n Rede vir sluiting is dat die finansiële las van die tehuis te swaar geword het en die geld nie daar is om dit verder te bedryf nie. Afgesien van die gewone lopende uitgawes het 'n agterstand van ongeveer R200 000 opgebou. Hierdie skuld is oorgedra na SDDS wat onderneem het om alles af te betaal omdat die eer van die Gereformeerde Kerke in SA op die spel is en veral ook die eer van die Koning van ons Kerke.

Ten tye van die sluiting van PKK Johannesburg was daar nog net 34 kinders. (Die Tehuis is geregistreer vir 91 kinders.) Die kinders is uitgeplaas na ander tehuise, na gesinne en sommige terug by hulle ouers (prosesse wat versnel is). Ons is tevrede dat ons kinders so goed moontlik versorg is. Personeel het skeidingspakkette ontvang.

Besluit: Met hartseer word kennis geneem van die sluiting van die President Kruger Kinderhuis (PKK) in Johannesburg. Die Sinode besef dat daar faktore buite die beheer van die SDDS was wat die sluiting genoodsaak het, soos o.a. die moratorium wat die Departement van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling geplaas het op die inname van kinders en gepaardgaande vermindering in staatsubsidie en die bedryfskoste van die kinderhuis gevolglik te swaar geword het. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor personeel , medewerkers en deputategroepe wat in die vyf-en-vyftig bestaansjare van die kinderhuis groot werk verrig het.

3. Versoek Gereformeerde Kerk Brackenhof

Op 24 November 1999 is die volgende versoek van die Gereformeerde Kerk Brackenhof ontvang saam met Bylaes (wat egter reeds saam met die Rapport van die SDDS in die Agenda opgeneem is):

"Die kerkraad het op 21 November 1999 besluit:

3.1 om die Nasionale Sinode te versoek om die konstitusie van die Gereformeerde kinderhuise sodanig te wysig dat dit die bedryf van kinderhuise volgens die sateliethuisstelsel moontlik kan maak

3.2 om die behoefte aan en die bedryf van so 'n stelsel te (laat) ondersoek

3.3 om dit deur 'n beginselbesluit moontlik te maak dat so 'n stelsel so spoedig moontlik geïmplementeer kan word, sou dit uit die ondersoek blyk dat dit wenslik en haalbaar is

3.4 om die Skakeldeputaat van die SDDS dienooreenkomstig in te lig, met die oog op opname van die versoek in die Aanvullende Rapport van die SDDS

3.5 om as toeligters te benoem: ds. E.P. Nel en oudl. Kobus Venter (primus) en beskikbare lede van die uitgetrede kinderhuisbestuur (secundi)."

Besluit:

1. Die Deputate kry opdrag om in samewerking met die Gereformeerde Kerk Brackenhof 'n studie na die behoefte aan en bedryf van 'n kinderhuis volgens 'n alternatiewe stelsel te doen.
   Motivering: In die lig van die groot klemverskuiwing in die beleid van die Departement Welsyn en Bevolkingsontwikkeling wil dit voorkom of 'n ander versorgingstelsel (bv. 'n huisvoogstelsel) in die toekoms 'n aanvaarbare versorgingsopsie blyk te wees.
2. Indien die ondersoek toon dat 'n alternatiewe versorgingsmoontlikheid prakties en finansieel haalbaar is, sonder dat dit 'n ramingsverpligting op die kerke sal plaas, kry die Deputate opdrag om die konstitusie van die Gereformeerde Kinderhuise sodanig te wysig dat dit daarby kan inpas, of indien nodig 'n nuwe konstitusie op te stel.

4. Finansiële verslag

Die Finansiële verslag word hierby aangeheg.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLKE OUDITEURE AAN DIE SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (INGELYFDE VERENIGING SONDER WINSOOGMERK)

Ons het die finansiële jaarstate van die organisasie vir die jaar geëindig 31 Maart 1999 soos uiteengesit op bladsye 2 tot 8 geoudit. Hierdie finansiële jaarstate is die verantwoordelikheid van die organisasie se bestuur. Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële jaarstate uit te spreek.

Omvang

Ons het ons oudit in ooreenstemming met standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesentlike wanvoorstelling in die finansiële jaarstate is nie. 'n Oudit behels

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewys wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële jaarstate steun,
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is, en
- 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële jaarstate.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

Kwalifikasie
Soos in die geval van soortgelyke organisasies, is dit nie vir die organisasie uitvoerbaar om rekeningkundige beheermaatreëls in te stel oor kontantvorderings uit skenkings en fondsinsamelings voor die aanvanklike inskrywing van die invorderings in die rekeningkundige rekords nie. Dienooreenkomstig was dit vir ons nie prakties moontlik om ons ondersoek uit te brei verder as die ontvangste wat werklik aangeteken is nie.

Gekwalifiseerde ouditmening
Afgesien van die uitwerking op die finansiële jaarstate van die aangeleenthede waarna in die vorige paragraaf verwys is, is die finansiële jaarstate na ons mening in alle wesentlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die tehuise op 31 Maart 1999 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

w.g. B. Kooi.

Den Boer en Van der Laan
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure.

Pretoria
16 September 1999

GEKONSOLIDEERDE FINANSIëLE STATE 1
APRIL 1997 TOT 31 MAART 1999

INKOMSTE	1997	1998	1999	TOTAAL
Subsidie	3 475 496	2 903 061	2 788 728	9 167 285
Losiesgeld en huur	1 895 853	2 285 181	2 326 909	6 507 943
Bydrae – Personeel	291 382	379 216	502 445	1 173 043
Bydrae – Kerke	1 040 499	1 243 553	1 434 351	3 718 403
Rente en Dividende	183 360	429 394	318 177	930 931
Intreegeld	12 000	19 700	11 500	43 200
Parkering	2 121	2 565	2 578	7 264
Ekstra etes	28 922	32 035	26 386	87 343
Televisiegeld	413	414	310	1 137
Elektrisiteit verhaal	21 707	16 287	25 885	63 879
Versekering verhaal	4 128	116		4 244
Wassery	748	154	323	1 225
Versekering ontvang	1 203	10 808	32 046	44 057
Opbrengs – Verkope van bates	5 098		12 443	17 541
Snoepie inkomste		1 162		1 162
Munisipale koste – korting ontvang			165 341	165 341
Adminfooi			2 504	2 504
TOTAAL	6 962 930	7 323 646	7 649 926	21 936 502

UITGAWES

Salaris – professioneel	1 414 221	1 377 211	1 549 662	4 341 094
Salaris – ander	1 741 182	2 082 262	2 073 375	5 896 819
Personeelopleiding			5 746	5 746
Personeellenings afgeskryf			2 770	2 770
Bonusse	229 502	241 329	263 815	734 646
Bydraes tot hulpskemas	486 216	507 102	584 883	1 578 201
Honorarium	14 625	7 210		21 835
Vervoer	64 681	82 593	86 441	233 715
Reis en verblyf	21 669	30 328	26 731	78 728
Advertensies	2 301	2 802	5 417	10 520
Telefoon en posgeld	64 175	75 401	84 494	224 070
Drukwerk en skryfbehoeftes	19 009	17 703	35 812	72 524
Tydskrifte en boeke	491	2 341	190	3 022
Assuransie	82 481	95 185	94 608	272 274
Onderhoud – Toerusting en motors	79 849	122 023	106 411	308 283
Affiliasiegelde	2 212	1 263	730	4 205
Huurgeld	2 100	25 600	16 050	43 750
Rente op lenings	1 304			1 304
Instandhouding	158 091	303 657	190 349	652 097
Munisipale dienste	664 223	637 948	654 971	1 957 142
Sekuriteitskoste			2 130	2 130
Skoonmaak en verbruikbare items	284 401	335 144	318 385	937 930
Kombuisgereedskap en breekware	9 257	5 938	7 044	22 239
Voedselaankope	998 496	1 030 470	871 231	2 900 197
Linne, komberse en uniforms	104 546	118 562	127 631	350 739
Aankope – Meubels en toerusting	2 813	648		3 461
Medisyne	23 400	14 969	19 890	58 259
Onderwys en ontspanning	49 499	80 164	61 159	190 822
Sak-, kerkgeld en funksies	65 090	93 458	100 313	258 861
Snoepie			498	498
Ouditeursvergoeding	35 044	32 053	35 490	102 587
Rekenmeesterskoste	14 021	13 163	18 934	46 118
Bankkoste	3 843	9 441	14 395	27 679
Waardevermindering	45 718	48 431	50 472	144 621
Tuinonkoste	3 357	2 598	2 106	8 061
Bankrente	10 100	5 949	9 652	25 701
Diverse Uitgawes		49 785	25 000	74 785
TOTAAL	6 697 917	7 452 731	7 446 785	21 597 433

BEDRYFSOORSKOT/ (TEKORT)	265 013	(129 085)	203 141	339 069

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT SOOS
OP 31 MAART 1999

	Aantekening	1999
KAPITAAL AANGEWEND		
Fondse/reserwes aangewend	2	10 711 879
Spesiale Trustfondse	3	56 903
Fondse/reserwes onaangewend	4	3 082 773
Langtermynlaste		354 932
Okkupasielenings	5.1	27 000
Lening - Ons Huis Vriendekring	5.2	271 341
Lenings - Gemeentes en diakonieë	5.3	56 591
		14 206 488
AANWENDING VAN KAPITAAL		
VASTE BATES		11 430 812
Grond en geboue	6	10 951 069
Meubels en toerusting		84 406
Motorvoertuie		349 439
Masjinerie en toerusting		35 883
Rekenaartoerusting		10 013
ANDER BATES	7	2 217 034
Beleggings		
NETTO BEDRYFSBATES		558 642
BEDRYFSBATES		900 079
Ontvangbare rekenings		257 597
Deposito's		4 674
Kontant in transito		12 250
Kontant en spaarfondse		264 763
Bank		313 771
Voorraad - Voedsel		57 023
BEDRYFSLASTE		341 436
Betaalbare rekenings		252 371
Bedrae vooruitontvang		36 680
Oortrokke bank		49 386
Huurdeposito's		3 000
		14 206 488

AANTEKENINGE

2. FONDSE EN RESERWES AANGEWEND	1999
HERWAARDASIERESERWE Reserwe met herwaardasie van grond en geboue	5 714 778
AANGEWENDE FONDSE	
Boufonds	991 807
Kombuisfonds	21 824
Voertuigfonds	123 331
Saldo begin van die jaar	137 034
Oorgeplaas gedurende die jaar	(13 016)
Depresiasie verreken	(687)
Kapitaaldelgingsfonds	3 860 140
	R10 711 879

3. SPESIALE TRUSTFONDSE	
Stiglingtrust	809
Saldo begin van die jaar	687
Rente verdien	122
Beyleveldt Trust	46 501
Saldo begin van die jaar	39 569
Rente verdien	6 932
Van Dyk Trust	9 593
Saldo begin van die jaar	30 617
Rente verdien	3 713
Aangewend in die jaar	(24 737)
	R56 903

4. FONDSE EN REWERWES ONAANGEWEND	
Kombuisfonds	2 415
Bemakingsfonds - Maatskaplik	20 000
Saalfonds	34 011
Ontwikkleingsfonds	10 000
Bussiefonds	6 200
Du Plessis Instandhoudingsfonds	190 892
SAP du Toitfonds	133 071
Prestasiefonds	8 950
C Erasmusfonds	2 000
A van Wyk Fonds	6 740
Personeel voorsorgfonds	42 793
D Brits Trust - Spesiale Onderwys	111 009

Instandhoudingsfondse		140 464
Ondersteuningsfonds - Diakonieë		63 691
Bemakingsfonds - Algemeen		278 285
Boufonds - PKK Pretoria		38 258
Spesiale reserwes - Skemas		516 387
Onvoorsiene uitgawes		195 000
- PKK Johannesburg	20 000	
- PKK Pretoria	20 000	
- PKK Reddersburg	20 000	
- Burgersdorp (Dirk Postma Tehuis)	20 000	
- Nylstroom (Waterberg Tehuis)	20 000	
- Florida (Ons Huis)	95 000	
Voorsiening vir personeelvergoeding		
- Florida		100 000
Rente verdien op reserwes		
- Florida		221 387

Bogenoemde reserwes is gereserveer vir onvoorsiene uitgawes waarvoor nie begroot is nie. Bewilliging van fondse uit die reserwes geskied soos en wanneer die Bestuur dit goedkeur.

Opgehoopte oorskot	1 477 619
	R3 082 773

5. LANGTERMYNLASTE

5.1 OKKUPASIELENINGS

Saldo begin van die jaar	33 000
Okkupasie verreken teen huur ontvang	(6 000)
	R27 000

Die bedrag verteenwoordig lewenslange okkupasiereg wat aan sekere inwoners verkoop is. Die lenings is rentevry en terugbetaalbaar met opsegging van okkupasie

5.2 LENING - ONS HUIS VRIENDEKRING

Saldo begin van die jaar	241 341
Lenings ontvang	30 000
	R271 341

Die lening is onverseker en rentevry met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie, alhoewel die bedoeling van ‘n langtermynaard is

5.3 LENINGS VAN KERKE EN DIAKONIEë

Saldo begin van die jaar	105 589
(Terugbetaal) gedurende die jaar	(48 988)
	R56 591

Die lening is onverseker en rentevry met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie, alhoewel die bedoeling van 'n langtermynaard is

6. GROND EN GEBOUE

6.1 Besonderhede van grond en geboue

President Kruger Kinderhuis Pretoria	1 477 827
President Kruger Kinderhuis Johannesburg	1 678 564
President Kruger Kinderhuis Reddersburg	1 031 446
Dirk Postma Ouetehuis - Burgersdorp	1 111 019
Ons Huis Ouetehuis - Florida	1 407 783
Waterberg Ouetehuis - Nylstroom	1 099 973
Ons Huis Woonstelle - Florida	1 379 715
Johannes Postma Woonstelle - Nylstroom	1 667 583
Hoofkantoor	97 159
	R10 951 069

7. BELEGGINGS

10% Skuldbriewe - Sorec Limited	12 400
9% Effekte – Stadsraad Johannesburg	5 000
Klas A4 aandele – Perm	27 345
Lening - Geref Kerk Johannesburg Suid	10 000
Geldmark	2 162 289
	R 2 217 034

Die beleggings verteenwoordig die volgende fondse. (Kyk ook aantekeninge 2 tot 4)

Spesiale trustfondse	56 903
Spesifieke fondse	479 128
Instandhoudingsfondse	331 358
Bemakingsfondse – Algemeen	278 285
Spesiale reserwes – Skemas	516 387
Oorskot fondse belê	554 974
	R 2 217 034

Besluit:

1. Goedgekeur.
2. Finansiële state word in die toekoms so opgestel en voorgelê dat dit 'n volledige beeld van elke diakonale inrigting afsonderlik sal weerspieël asook 'n gekonsolideerde beeld van alle diakonale sake.

14.2 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL OOR HULPVERLENING BY NOOD IN DIE SAMELEWING – VERAL OP SOSIALE EN EKONOMIESE GEBIEDE (Artt.19, 166)

A. Dr. S.J. van der Walt stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie vir Diakonale Sake met die suggestie van 'n moontlike naamsverandering van die Deputate.
C. Ds. C.S. Grobler stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Sinode beklemtoon opnuut die roeping tot hulpverlening wat die kerk ten opsigte van die sosiale en ekonomiese nood in die RSA het, veral in die lig van die toename in werkloosheid en armoede onder alle mense.

Die Sinode erken met dankbaarheid die hulpverlening wat die Deputate Noodtoestande, met ondersteuning uit die kerkverband, aan mense in nood kon gee, selfs buite die grense van die RSA.

Die Sinode roep die GKSA op om ruim tot die inkomste van die Deputate Noodtoestande by te dra en om in oorleg met die Deputate betrokke te raak by projekte wat armoede en werkloosheid kan verlig.

Motivering

1. Dit is jammer om kennis te moet neem dat daar in 'n land waar soveel armoede bestaan, die Deputate wat die geld het om iets hieraan te doen, nie die geleentheid daarvoor kry nie, omdat die kerke die nood nie identifiseer en deurgee aan die Deputate nie.
   Ons kan nie genoeg beklemtoon dat die effektiewe funksionering van die Deputate net 'n werklikheid sal word indien plaaslike kerke deur hulle diakonieë betrokke raak by die projekte wat die kerke geïdentifiseer het.
2. Dit is noodsaaklik dat Deputate gereeld hulle opdrag en werkswyse aan Kerkrade bekendstel.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee.